**Woensdag 13 Desember**
**Skrifgedeelte: Johannes 9:1-41**
**Fokusgedeelte: Johannes 9:25 (13-34)**
**Die openbaring van God vereis dat ek op hierdie waarheid moet reageer**

In hierdie gebeurtenis is daar soveel dinge waarby ons kan stilstaan. Merkwaardige oomblikke wat die aandag vestig op die majesteit van God asook die ongelooflike halstarrigheid van die mens, ja die ongelooflike blindheid van ongeloof.

Hier speel 'n hofsaak voor ons oë af. Die Fariseërs wat as regters optree om vas te stel of hier dan nou 'n wonderwerk plaasgevind het, al dan nie. Tog is die bevinding duidelik as ons in ag neem dat die Fariseërs in vers 26 navraag doen oor wat gebeur het en hoe dit gekom het dat hierdie man wat nou kan sien, in staat is om te sien. Dus erken hulle hierdie man se vermoë om te sien. Eensgelyks erken hulle dat hierdie man blind was in vers 34 as hulle toesnouend vir hom sê dat hy in sonde gebore is. Want so was hulle van mening dat hierdie man weens sonde blind gebore is. Dus erken hulle die feit dat hy blind gebore is en erken ook die feit dat hy sienend hier voor hulle staan ...

Tog wil hulle nie toegee wat in hulle midde gebeur het nie ... Jesus het 'n wonderwerk verrig. Volgens ons teks is dit ook duidelik dat dit ongehoord is deur die eeue dat iemand wat blind gebore is, weer kan sien. Die feite van die saak bring ongemak by die Fariseërs, want wat gebeur het, openbaar en getuig iets besonders oor Jesus en die Fariseërs kompliseer al die gegewings voor hulle oë al hoe meer, om dit wat hulle sien, te probeer uitdoof voor hulle oë. Dit wat hulle sien, wil hulle nie sien nie.

Aan die ander kant stel die geneesde man die feite van wat gebeur het, heel eenvoudig: "Of Hy 'n sondaar is, weet ek nie. Een ding weet ek, dat ek blind was en nou sien."

Die Fariseërs wil vanweë die hardheid van hulle harte, weens hulle eie gemak in hulle eie sisteme, weens hulle eie persepsie van die waarheid nie toegee wat hier gebeur het nie. Want om te moet erken dat Jesus 'n wonderwerk gedoen het, moet hulle erken dat hulle verkeerd is oor wie Hy is. Ja, hulle is sienende blind!

'n Blindheid wat die oë van talle mense se oë versluier, want die eenvoudige waarheid wat lewend, groot voor die wêreld staan, is: Jesus is die Seun van God! 'n Ongemaklike waarheid, want om God te moet erken vir Wie Hy is, moet ek myself herken vir wie ek is; 'n sondaar wat afhanklik is van sy genade, alleen Hy kan my oë oopmaak, alleen Hy kan my verlos. Daarom moet ek alleen aan Hom getrou wees en my menslike, sondige natuur verloën. Dit vra van elke mens opoffering, om my eie agenda neer te lê en alleen te leef volgens die wil van God.

*Sing: Psalm 31-1: 1, 3, 5*
*Ds. AJ Dednam (Anton) (Bergsig)*